

FLORISBAD: 'N BEELD VAN DIE OERJAGVELDE VAN DIE VRYSTAAT

J.S. Brink


Soos die vroeë Europese reisigers kan getuig, was die Vrystaatse vlaktes van enkele jare gelede 'n grasveldparadys bewoon deur 'n magdom wildsoorte in groot getalle. Nie alleen het die oënskynlik dorre vlaktes 'n geweldige groot getal diere onderhou nie, maar ook die dieretipes self was baie anders as wat in die relatief verarmde Europese faunas aangetref word. Troppe migrerende springbokke, swart- en blouwildebeeste, hartebeeste en sebras moes sekerlik 'n asemrowende gesig gewees het. Wat die vroeë Europese reisigers nie geweet het nie, was dat dit wat hulle kon sien slegs 'n oorblyfsel van 'n eens ryker diere-omgewing was.

Fossielbewyse dui daarop dat daar gedurende die afgelope vyf miljoen jaar 'n besonder ryk en unieke soogdierfauna in Afrika ontwikkel het. Kenmerkend van hierdie dierelewe was die neiging om by oop grasveldomgewings aan te pas. Dit is juis in hierdie oeromgewings waar die eerste spore van menslike ontwikkeling gevind is. Die savannas het in der waarheid nuwe geleenthede vir die mens geskep deur hom onder meer te voorsien van 'n haas onuitputlike bron van voedsel, nl. die massaswerwende hoefdiere.


Dit is in hierdie konteks waar Florisbad inpas - net meer onlangs en verder suid. Die Florisbadse fossielvoorkomste dateer uit die bo-Pleistoseentydperk, maar is buite bereik van radio-koolstofdatering. Dit beteken dat die fossiele tussen ongeveer 125 000 en 40 000 jaar oud is. Kenmerkend van die fauna is die oorwegend moderne aspek daarvan met enkele uitgestorwe tipes teenwoordig. Florisbad self is 'n standhoudende bron van lout water wat in die verlede diere en ook mense wat op soek na voedsel en water was, aangelok het.

Die bestudering van die fossiele werp lig op die lewenswyse van die prehistoriese mense van Florisbad, sowel as die dierelewe van die oeromgewing. Die besonderse rykdom aan die grasvretende hoefdiere blyk uit die volgende lys van uitgestorwe diersoorte wat reeds by Florisbad gevind is: klein sebra, reuse buffel, reuse hartebees, basterhartebees, waterbok, klein springbok.


Enkele voorbeelde van uitgestorwe dieretipes.



Klein Springbok



Basterhartebees



Reuse Buffel